# Hoofstuk van die dag: Spreuke 31

*Uiterlike skoonheid hou nie, ’n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien ’n vrou om geprys te*

*word. (vers 30)*

My liewe Jemen
Ek het 'n kosbare loflied op die vrou by my goeie vriend koning Lemuel van Massa gekry. Sy ma het dit nog vir hom gegee, maar ek dink nie sy het dit geskryf nie. Dié lieflike lied móét deur 'n man geskryf wees, want net 'n man kan so onoortreflik liries oor 'n vrou se bekwaamhede sing.
Toe ek dit die eerste keer gelees het, het ek dadelik aan jou gedink, en gewonder of dit nie dalk Abimeleg se pennevrug is nie. Die lied beskryf jou so haarfyn dat ek dit self nie beter sou kon doen nie. Of wag, ek sou nog wou byvoeg dat jy 'n vriendin duisend is.
Jy wonder hoekom ek dit vir jou stuur? Omdat ek hiermee vir jou dankie wil sê: dankie dat jy my vriendin is, en dat jy oor die jare op soveel maniere baie vir my beteken het. Om koning te wees is soms nogal eensame werk, maar jou vriendskap het daarvoor vergoed.
Ek het oud geword, my liewe vriendin. Die ontberinge van 'n lang reis is deesdae te veel vir my gestel. Daarom sal ek seker nie die voorreg hê om jou weer te sien nie. Maar voor dit te laat is en ek ook by my vaders versamel word, wíl ek hê jy moet weet dat jy 'n baie besondere plek in hierdie ou koning se hart het. In die woorde van koning Lemuel se lied: "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!" Nie net oor die besondere mens wat jy is nie, maar veral omdat jy met soveel oorgawe en getrouheid die Here deur die jare gedien het. Daarvoor prys ek jou.
Gee tog vir jou mense elkeen 'n stywe 'n drukkie.
Jou ou en moeë vriend, Salomo ben Dawid

Naksrif: Die katarakte op my oë word hierdie week afgehaal. Hierdie is dus voorlopig die laaste Hoofstuk van die Dag. Ek sal met 'n nuwe reeks hoofstukke begin sodra my oë genoegsaam herstel het. Dankie vir julle begrip!

## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026